

# SAREL ALBERTS EN DIE REBELLIE VAN 1914-1915 — REBEL TEEN WIL EN DANK

J.C.H. Grobler

*Departement Geskiedenis*

*Universiteit van Suid-Afrika*

*Posbus 392*

*0001 Pretoria*

## Sarel Alberts and the Rebellion of 1914-1915 — the reluctant rebel

Commandant Sarel Alberts may be considered one of the "lesser leaders" of the 1914 Rebellion. Although not a leader of the calibre of a De Wet, Beyers or Maritz, he nevertheless exerted a significant influence in the Krugersdorp district, an area which produced a large number of rebels. Unlike leaders such as Kemp and Maritz, Alberts was initially against an armed revolt. He can indeed be seen as representative of that group of Afrikaners whose experience of the Rebellion was very painful. Torn by divided loyalties, towards the end of 1914 such men acted in an aimless, undirected and half-hearted manner. And yet these were the very same men who had fought so gallantly and determinately during the Second Anglo-Boer War. This apparent contradiction may partially be explained by the fact that they had been deceived by Botha and Smuts. The two Generals wanted to involve South Africa in the war against Germany but at the same time did not want to lose the support of their Afrikaner followers. Faced with this dilemma, they were less than candid with their followers. Alberts's inner struggle resulted largely from this attempt to come to grips with the contradictions in their policy and in his attempts he received no guidance from them. Like so many other rebels, Alberts was not seeking a civil war. At the same time his conscience would not allow him to fight for England outside South African territory.

Kommandant Sarel Alberts kan beskou word as een van die "mindere leiers" van die 1914-Rebellie. Hoewel nie 'n leier van die formaat van bv. De Wet, Beyers en Maritz nie, het hy tog 'n aansienlike invloed in die distrik Krugersdorp, wat 'n groot getal rebelle opgelewer het, uitgeoefen. Anders as leiers soos Kemp en Maritz was Alberts aanvanklik teen 'n gewapende opstand gekant. Trouens, Alberts kan beskou word as verteenwoordiger van 'n groep Afrikaners wat die Rebellie as uiters pynlik ervaar het — mense verskeur deur verdeelde lojaliteit wat teen die einde van 1914 rigtingloos, doelloos en halfhartig opgetree het — dieselfde mense wat tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog dapper en doelgerig geveg het. Dié skynbaar teenstrydige optrede kan deels verklaar word omdat hulle die slagoffer van misleiding deur Botha en Smuts was. Die twee Generals wou by die oorlog teen Duitsland betrokke raak maar terselfdertyd wou hulle nie die steun van hul Afrikanervolginge verloor nie en derhalwe was hulle nie altyd openhartig met hul volgelinge nie. Alberts se sielewroeging was grotendeels die gevolg van Botha en Smuts se onduidelike beleid en in die innerlike

konflik het hy geen leiding van die Generals ontvang nie. Soos soveel ander rebelle wou Alberts broedertwis vermy; maar terselfdertyd het sy geweet hom nie toegelaat om buite die landsgrense vir Engeland te veg nie.

In die meeste studies oor die Rebellie van 1914-1915 word die naam van Sarel Alberts genoem, maar oor sy werklike rol in die opstand is eintlik nie veel bekend nie. Hoewel 'n randfiguur kan hy nietemin as een van die mindere leiers van die Rebellie beskou word. Hy was soos onder meer Jac Pienaar en Apie Bezuidenhout ook een van die "generals" van die rebellemagte wat in die loop van die opstand tot dié rang bevorder is.

Hierdie artikel is grootliks gebaseer op vier verklarings wat Alberts na afloop van die opstand gemaak het. Drie van die verklarings is in die Harm Oost-versameling opgeneem.<sup>1</sup> Die eerste verklaring is slegs een bladsy lank en het betrekking op sy gevangeneming in Desember 1914 en is ongedateer. Die tweede verklaring is 'n *getikte* dokument van ses bladsye in die vorm van 'n beëdigde verklaring onder datum Julie 1915. Hoe hierdie twee verklarings in Oost se hande beland het, is nie bekend nie. Hoe dit ook al sy, tussen 1919 en 1920 het Oost, 'n gewese koerantredakteur en rebel, verskeie voormalige叛lelieers genader en gevra dat hulle hul herinneringe oor die opstand op skrif moet stel.<sup>2</sup> Die derde verklaring van Alberts was die resultaat van Oost se versoek en beslaan 28 geskrewe bladsye. Die verklaring gee 'n redelik getroue uiteenstelling van Alberts se gemoedstoestand en bedrywigheid in die algemeen tydens die opstand. Die vierde verklaring van Alberts is vervat in die getuenis wat hy op 18 April 1916 voor die Regterlike Kommissie van Ondersoek na die oorsake van die Rebellie afgelê het.<sup>3</sup> Alberts was die enigste叛lelieer wat voor die Kommissie verskyn het.<sup>4</sup> Die grootste probleem vir die navorser wat sy hand aan die Rebellie waag, is die onbetrouwbaarheid van die "herinneringe" van die betrokkenes. Die oorgrote meerderheid wou bloot hul eie optrede regverdig. Alberts is egter een van die min uitsonderings. So byvoorbeeld stem sy getuenis voor die Regterlike Kommissie in 1916 in breë trekke ooreen met die weergawe van sy herinneringe aan Oost wat ongeveer 1919 geskryf is. Hy wek die indruk van 'n redelik betroubare getuie en hy skroom nie om sy gevoelens oor die tragiese gebeurtenis te openbaar nie.

Sarel Francois Alberts is op 16 Mei 1872 in die distrik Potchefstroom gebore. Sy vader, Lewies Jeremias Cornelis, het in die distrik geboer. Sarel was van jongs af met die boerdery behulpsaam en het min formele skoolopleiding ontvang. Hy het homself later verder bekwaam en kon sy gedagtes mettertyd heel goed op skrif stel. As jong man begin hy selfstandig boer op die plaas Hartebeestfontein, ongeveer 25 kilometer noord van die teenswoordige Krugersdorp. As vrywilliger was hy betrokke by die onderdrukking van die Jameson-inval in Desember 1895-Januarie 1896 en het later ook deelgeneem aan die veldtog teen die Venda in die Zoutpansberg-distrik.<sup>5</sup> Met die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 het hy as gewone burger by die Boeremagte aangesluit en is na

---

SAB (Sentrale Argief), A69 H. Oost-versameling, Band 26: Herinneringe en ooggetuie verslae van gebeure 1914-1915 (ongeorden en ongenommer).

2. H. Oost, *Wie is die skuldiges?* (Johannesburg, 1956), p. 158.
3. UG 42-'16, Rechterlike Kommissie van Onderzoek. Notulen van Getuigenis: Alberts, p. 167-174. In totaal was daar 293 leiers wat na die Rebellie weens hoogverraad vervolg sou word. S2-'16 De Senaat: Een opgave van persone die voor het Speciaal Hof voor Hoogverraad terechtgesteld werden... 20 Maart 1916, pp. 2-6.
5. TAB (Transvaalse Argief), Boedelno. 4835/1954, S.F. Alberts; H. Reitz en H. Oost (reds.), *Die Nasionale boek* (Johannesburg, 1931), p. 408.

die Natalse front gestuur. Hy was onder meer betrokke by die veldslae te Dundee (20 Oktober 1899), Colenso (15 Desember 1899) en Pietershoogte (27 Februarie 1900). Na afloop van laasgenoemde slag word hy verkies tot veldkornet. Hy het hom skynbaar goed van sy taak gekwyt en in 1901 word hy deur die burgers van die Krugersdorp-kommando tot kommandant verkies. In Februarie 1902 word Alberts gevang en na St Helena verban. In Augustus van dieselfde jaar het hy na Transvaal teruggekeer en hom weer op Hartebeestfontein gevestig. Alberts se kantoor waar hy as resident-vrederegter kleiner hofsaake hanteer het, was ingerig in die polisiestasie op Hekpoort, ongeveer 10 kilometer suid van sy woning — dit wil sê, sowat 15 kilometer van Krugersdorp. Wanneer hy vir sake Krugersdorp moes besoek, het hy in 'n losieshuis tuisgegaan.<sup>6</sup> Dit is nie bekend of Alberts tydens sy militêre diens aan die Natalse front generaals Louis Botha ooit persoonlik ontmoet het nie, maar hy het, soos duisende ander burgers wat onder die bekwame Kommandant-generaal geveg het, 'n grenslose bewondering vir hom ontwikkel. Hy sou dan ook vir baie jare lank 'n lojale Botha-ondersteuner bly.

Hoewel Alberts sy lewe lank geboer het, het hy ook 'n lewendige belangstelling in die politiek getoon. Na die vredesluiting op 31 Mei 1902 het die twee voormalige Boererepublieke hul onafhanklikheid verloor, maar Alberts het optimisties gebly en geglo dat die toekoms "beter tye" sou bring. "Altijd het ik bij mij volk gestaan en die gedagte gehad, dat ons wel weer 'n kans sou kry om ons onafhanklikheid terug te win. Na die oorlog het ik gedurig omgang gehad met generalels Botha [en] Smuts en saam met hulle in die politiek gewerk."<sup>7</sup> Oppervlakkig gesien skyn dit asof Alberts nie juis met die konsiliariebeleid van Botha en Smuts fout gevind het nie — 'n beleid wat versoening tussen Boer en Brit en noue samewerking met Brittanje voorgestaan het. Hierdie beleid is na Uniewording deur die Suid-Afrikaanse Party (SAP), met Botha as Eerste Minister, voortgesit. Maar dit wil voorkom asof Alberts eerder 'n persoonlike aanhanger van Botha en Smuts was as wat hy die konsiliariebeleid uit oortuiging gesteun het. Met die stigting van die Nasionale Party (NP) in Januarie 1914 het Alberts dan ook as lid van die SAP aangebly. Trouens met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 was hy voorsitter van die plaaslike SAP-tak.<sup>8</sup>

Hoewel die konsiliariebeleid in teorie prysenswaardig was, het baie Afrikaners gevoel dat die belang van Suid-Afrika en van die Boer in die samewerkingsproses verwaarloos word. Hierdie mense, onder andere die invloedryke generaal (senator) J.H. de la Rey, het geredeneer dat sodra Brittanje in 'n oorlog betrokke sou raak, die geleentheid aangegryp moet word om die "Britse juk" af te werp en die verlore onafhanklikheid te herstel.<sup>9</sup> Alberts, soos baie ander republiekeinsgesindes, was oortuig daarvan dat Botha en Smuts in die nuwe "vryheidstryd" die leiding sou neem.<sup>10</sup>

In 1912 is die Unieverdedigingsmag gestig. Die mag het uit twee hoofkomponente bestaan, naamlik die Staande Mag en die Burgermag. Eersgenoemde se lede is vrywillig gewerf en kan as beroepsoldate beskou word. Die Burgermag het bestaan uit die Aktiewe Burgermag, die Burgermag-reserve en die Nasionale Reserwe.<sup>11</sup> Ten einde bekwame manne te kry om in die Staande Mag te dien, is ook 'n aantal voormalige Boereoffisiere nader

6. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring, ongeveer 1919.

7. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.

8. J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeopper?* (Johannesburg, 1988), pp. 79-80, 187; SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, getikte verklaring, Julie 1915.

9. G.D. Scholtz, *Die Rebelle 1914-1915* (Johannesburg, 1942), pp. 13-16.

10. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring; J.C.H. Grobler, pp. 186-187.

11. J.M. de Wet, *Jopie Fourie* (Johannesburg, 1940), pp. 64-65.

getrek, onder andere Jan Kemp, Manie Maritz en Jac Pienaar. Hulle is as stafoffisiere opgelei om as bevelvoerders oor die verskillende distrikte waarin die Unie verdeel is, op te tree. Na die voltooiing van hul opleiding is hulle na die Aktiewe Burgermag oorgeplaas om die opleiding van jong dienspligtiges te reël.<sup>12</sup> As hoof van die Burgermag en Kommandant-generaal is generaals C.F. Beyers aangestel.

Die Burgermag het hoofsaaklik uit nie-vrywilligers bestaan, dit wil sê opgekommandeerde burgers. Die uitsondering was lede van die Burgermag-reserve (Klas B) wat vrywillig diens gedoen het as lede van skietverenigings of in kommando's.<sup>13</sup> Om die behoorlike funksionering van die Klas B-burgers te reël, is 'n aantal gewese Boereoffisiere as kommandante aangestel, onder andere generaals Chris Muller (Lydenburg) en kommandant B.I.J. (Koos) van Heerden (Rustenburg).<sup>14</sup> Op 16 Julie 1913 het kaptein F.S. van Manen, stafoffisier in die Burgermag en verbonde aan die kantoor van generaals Beyers, Alberts in kennis gestel dat hy (Alberts) deur Beyers voorlopig benoem is as kommandant van die skietvereniging in die distrik Krugerdorp. Krugerdorp het in die militêre distrik Potchefstroom geval waar majoor Jan Kemp bevelvoerende offisier was. Trouens, Kemp het reeds op 26 Junie aan Alberts voorgestel dat hy (Alberts) die pos aanvaar.<sup>15</sup> Die Krugerdorp-magistraatdistrik is kort daarna in twee afdelings verdeel — die oostelike afdeling is aan Alberts toegeken, terwyl die westelike deel aan kommandant Piet de la Rey toevertrou is.<sup>16</sup> Met die nywerheidsonrus wat in Januarie 1914 aan die Rand uitgebreek het, was Alberts met sy kommando ook betrokke by die onderdrukking van die staking. Kort daarna het Beyers Alberts se benoeming as kommandant formeel bekragtig.<sup>17</sup>

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 4 Augustus 1914 was daar by Botha en die regering geen twyfel oor die weg wat die Unie moet volg nie — dit was die plig van Suid-Afrika om die Britse oorlogspoging te steun en aktief aan die stryd teen Duitsland deel te neem. Reeds op dieselfde dag is Brittanje in kennis gestel dat die Imperiale troepe in Suid-Afrika vir diens elders ontrek kon word. Die Unieverdedigingsmag sou self die landsgrense verdedig. Op 10 Augustus het die Uniekabinet besluit om, onderhewig aan die goedkeuring van die Unieparlement, aan die Britse versoek om 'n militêre-ekspedisie na Duits-Suidwes-Afrika te stuur, te voldoen. Die beoogde ekspedisie sou uit vrywilligers saamgestel word.<sup>18</sup>

Hoewel die volk feitlik onmiddellik ingelig is oor die besluit om tot die oorlog toe te tree,<sup>19</sup> het die regering die publiek aanvanklik nie van die Duitswes-ekspedisie in kennis gestel nie. Dit is verstaanbaar, want hoewel die meerderheid Suid-Afrikaners teen 1914 dit eens was dat Suid-Afrika as lid van die Britse Ryk nie neutraal kon bly nie, was daar 'n groot verskil van mening oor die vraag in welke mate die Unie aan so 'n oorlog sou deelneem. Feitlik almal was bereid om die landsgrense te verdedig maar baie, Sarel Alberts inkluis, was

12. J.C.G. Kemp, *Die pad van die veroweraar* (Kaapstad, 1942), pp. 109, 123.

13. J.M. de Wet, *Jopie Fourie*, p. 65.

14. Chris H. Muller, *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, 1936), pp. 192-193.

15. TAB, Tpd 15/4 Spesiale Kriminele Sake, 1915, No 59: Rex v. Alberts, Exhibit F, pp. 493-494, Van Manen aan Alberts, 16 Julie 1913, p. 493, Beëdigde verklaring, Van Manen, pp. 481-482; UG 42-'16, Van Manen, p. 145.

16. UG 42-'16: Alberts, p. 167.

17. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.

18. UG 46-'16, Report of the Judicial Commission of Inquiry into the causes and circumstances relating to the recent Rebellion in South Africa, p. 3.

*De Volkstem*, 7 Augustus 1914.

gekant teen enige offensiewe optrede buite Suid-Afrikaanse grondgebied.<sup>20</sup> Beyers, as Kommandant-generaal, is egter dadelik van die beoogde Duitswes-ekspedisie ingelig. Hy het Botha meegeede dat hy die Unie sou verdedig, maar nie bereid was om die ekspedisie te lei nie — hy sou eerder bedank.<sup>21</sup>

Op 11 Augustus het Alberts 'n telegram van Beyers ontvang waarin hy aangesê word om 'n vergadering van al die Transvaalse kommandante op 14 Augustus in Pretoria by te woon.<sup>22</sup> Op 14 Augustus het twee vergaderings plaasgevind. Eers is die stafoffisiere van Transvaal deur Botha, Smuts en Beyers toegespreek. Daarna het die vergadering van die kommandante aan die beurt gekom. Hoewel die beoogde Duitswes-ekspedisie as streng vertroulik beskou is, het gerugte daaroor die ronde gedoen. Op albei vergaderings het dit duidelik geblyk dat daar sterk opposisie teen 'n inval in Duitswes sou wees — maar geen bespreking van die moontlikheid is toegelaat nie. Die doel van die twee vergaderings was bloot om 'n plan van aksie op te stel in die lig van die feit dat die Britse troepe uit die Unie onttrek sou word en dat Suid-Afrika nou self sy verdediging sou moes behartig.<sup>23</sup> Alberts het egter van Kemp en kolonel Coen Brits van die beoogde Duitswes-ekspedisie verneem<sup>24</sup> en hom sterk daarteen uitgespreek. Hoewel eintlik buite orde het hy in die vergadering dit "duidelik gemaak dat in my distrik daar vas en seker moeilikheid sal kom, as die regering sulke planne het en die wil uitvoer." Alberts het egter geen beswaar gehad teen Botha se opdrag dat tussen 20 000 en 30 000 man vir die verdediging van die Unie opgeroep moes word nie. Die Burgermag-reserve sou ook aangewend moet word omdat die Aktiewe Burgermag volgens Botha "nog nie goed genoeg geoefen was" nie.<sup>25</sup>

Na afloop van die vergadering het Alberts na Krugersdorp teruggekeer en sy offisiere van die besluite ingelig. Hulle moes al die burgers in hul wyke op 'n gereedheidsgrondslag plaas, "hetzij hij aan die skietvereniging behoorde of niet."<sup>26</sup> Dit is belangrik om daarop te let dat die gewone lede van die Aktiewe Burgermag nie vrywilligers was nie, maar jong dienspligtiges en dat hoewel die Burgermag-reserve (dit wil sê lede van die kommando's en skietverenigings) vrywillig aangesluit het, dit nie beteken het dat hulle ook vrywilligers sou wees om oorlog teen Duitsland te voer nie. Op 19 Augustus het Alberts verneem dat lede van die Aktiewe Burgermag opgekommandeer word en op 25 Augustus het hy berig ontvang dat hulle (die mag onder Manie Maritz) na die Duitswes-grens opruk: toe begin daar "beroeringe kom onder die burgers in mij afdeling."<sup>27</sup>

Wat Alberts egter nie geweet het nie, was dat daar reeds lank voor die uitbreek van die oorlog 'n ondergrondse beweging werkzaam was met die doel om een of ander tyd die republikeinse onafhanklikheid te herstel. Die hoofleiers van die komplot was die invloedryke generaal Koos de la Rey, Maritz (wat heimlik met die Duitsers onderhandel het), Kemp en Beyers. Laasgenoemde het egter teen September om die een of ander rede nie meer in 'n gewapende opstand belanggestel nie. Tydens 'n besoek aan die militêre kamp op

- 
20. J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeloper?*, pp. 149-151.
  21. SAB, UG 42-'16, L. Botha, 375; G.D. Scholtz, *Die Rebellie*, pp. 44.
  22. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: S.F. Alberts, geskrewe verklaring.
  23. S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa 1914-1915* (Unpublished MA thesis, UW, 1963), pp. 72-73; UG 46-'16, p. 3-4.
  24. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, getikte verklaring.
  25. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.
  26. UG 42-'16, Alberts, p. 168.
  27. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring; SAB, UG 42-'16, Alberts, p. 168 en A.E. Basden, p. 224; UG 46-'16, p. 7.

Potchefstroom op 5 September het De la Rey met Kemp en ander offisiere ooreengekom dat indien die Parlement die Duitswes-ekspedisie goedkeur hy (De la Rey) na Potchefstroom sou teruggekeer om 'n opstand teen die regering te lei.<sup>28</sup> Die Parlement het tydens die buitengewone sitting van 9-14 September die invalsbesluit goedgekeur. Op 15 September het Beyers as teken van protés sy bedanking as Kommandant-generaal ingedien. Reeds op 13 September, nog voor die stemming in die Senaat, het De la Rey na Pretoria vertrek om eers met Beyers samesprekings te voer voordat hy na Potchefstroom sou gaan. Dit skyn asof De la Rey daarin geslaag het om Beyers te oorreed om sy lot by die samesweerders in te werp.<sup>29</sup> Die aand van 15 September het die twee generals na Potchefstroom gereis en onderweg daarheen is De la Rey in 'n skietongeluk gedood. Die ontydige dood van De la Rey het die beplande opstand van 15 September in due laat stort.<sup>30</sup>

Intussen het Alberts rustig sy werkzaamhede as kommandant en resident-vrederegter voortgesit. Die nuus dat die Parlement die invalsbesluit goedgekeur het, het egter tot 'n gevoel van toenemende onrus geleid en daar was heelwat gerugte in die lug oor die moontlike bedanking van Beyers en 'n volskaalse rebellie. Maar die eerste tyding wat hy van die 15 September-komplot verneem het was toe Jac Pienaar hom die oggend van die 15de daarvan vertel het.<sup>31</sup> Hierdie besoek van Pienaar, 'n vertroueling van Kemp, is veileggend, want die samesweerders het blykbaar nou gemeen dat Alberts ook hul saak gesteun het of sou steun. Die volgende oggend het Alberts die tyding van Beyers se bedanking en De la Rey se dood verneem. Die skokkende nuus het groot ontsteltenis dwarsdeur die land veroorsaak en baie mense het die regering ten onregte vir De la Rey se dood verantwoordelik gehou.<sup>32</sup> Gevolglik het Alberts op 18 September met twee van sy offisiere, S. Klopper en D. Oosthuizen, na Pretoria gegaan "om generaal Botha te gaan sien om van hem te verneem wat hulle planne was en wat aangaan."<sup>33</sup> Botha was nie beskikbaar nie en Smuts het hulle te woord gestaan. Smuts het ontken dat De la Rey ooit 'n opstand teen die regering beplan het. In sy verklaring voor die Regterlike Kommissie van Ondersoek gee Alberts geen besonderhede oor hul gesprek nie — hy sou sekerlik nie Smuts van valsheid wou beskuldig sonder baie grondige stawende getuienis nie — maar in sy beëdigde verklaring van Julie 1915 (die mees kontemporäre verklaring) beweer hy dat Smuts sou gesê het dat "om de vryheid te kry waarmee ons volk bezielt is van die laatste oorlog is daar twee gevaren wat ons dreig, die Duitsers en die Engelsen, en die twee moet onschadelik gemaakt word voordat ons enigzins iets kan doen; dit lyk my byna of dit nu die tyd is." Op sy beurt sou Alberts tydens die gesprek die regering aangeraai het om liewer te bedank "voor dat hul een volkstorm op hulle [sic] het." Terloops, in sy geskrewe verklaring (1919) gee Alberts min of meer dieselfde weergawe van Smuts se siening van die Duitse en Engelse "gevaar". Smuts het dus skynbaar nie veel moeite ondervind om Alberts en sy twee vriende om die bos te lei en gerus te stel nie.

Toe Alberts die volgende dag by sy kantoor opdaag (ingerig in 'n vertrek in die polisiestasie

28. UG 10-'15, Rapport over het Uitbreken der Rebelle ..., pp. 11-19; J.C.G. Kemp, *Die pad van die veroweraar*, pp. 154-155; H.S. Webb, *Oorzaken van de Rebelle* (Pretoria, 1916), pp. 26-28.
29. S.B. Spies, *The Rebellion*, pp. 103-105; G.D. Scholtz, *Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914* (Johannesburg, 1941), pp. 314-315.
30. UG 46-'16, 10; J.C.S. Kemp, *Die pad van die veroweraar*, p. 195.
31. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring; UG 42-'16, Alberts, p. 168.
32. Kyk byvoorbeeld na A.D.W. Wolmarans se getuienis in SC I-15 Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebelle, pp. 335-337.
33. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, getikte verklaring.

op Heikpoort), het hy 'n peticie van nagenoeg honderd burgers op sy lessenaar gevind waarin heftig teen die Duitswes-ekspedisie geprotesteer word. Alberts het Smuts dadelik daarvan ingelig en versoek dat hy na Krugersdorp moes kom om die posisie aan die burgers te verduidelik. Smuts het Alberts laat weet dat hy nie kon wegkom nie en dat Alberts maar self moes probeer om die situasie te ontloot. Alberts het dan ook daarin geslaag om die gemoedere enigsins te kalmeer.<sup>34</sup>

Op 21 September het die regering in die lig van toenemende onrus in die land 'n verklaring uitgereik dat slegs vrywilligers na Duitswes gestuur sou word. Aan die einde van September is weer 'n vergadering van 34 Transvaalse kommandante in Pretoria belê waartydens bogenoemde besluit van die regering bespreek is. Teenwoordig was "old friends of General Botha, and most of them Commandants who had served with him during the Anglo-Boer War."<sup>35</sup> Alberts is nie na die vergadering uitgenooi nie.<sup>36</sup> Dit wil dus voorkom asof Alberts nie meer die volle vertroue van die regering geniet het nie. In die lig van sy uitgesprokenheid tydens sy onderhoud met Smuts, is dit nie verbasend nie.

Hoe dit ook al sy, op 8 Oktober het Alberts instruksies ontvang om vrywilligers vir die Duitswes-veldtog te werf. Op 12 Oktober het hy 'n vergadering op Zeekoehoek belê waar ongeveer dertig burgers teenwoordig was — geeneen was bereid om hom as vrywilliger beskikbaar te stel nie. Net na afloop van die vergadering het 'n polisiesersant daar opgedaan en 'n telegram aan Alberts oorhandig. Daarin is hy deur generaal Botha meegeedeel dat Manie Maritz gerebelleer en na die Duitsers oorgeloop het. Krygwet is gevolglik afgekondig en Alberts moes nou honderd man opkommandeer om die opstand te help onderdruk.<sup>37</sup>

In tussen het die bedanking van Beyers groot ontevredenheid onderveral die Engelssprekendes veroorsaak. Op 10 Oktober was hy die hoofspreker by geleentheid van die herdenking van president Kruger se verjaarsdag. Die byeenkoms in Pretoria is in wanorde uiteen toe 'n oproerige element in die skare dit ontwrig het. Beyers het hom hierna nie meer veilig in Pretoria gevoel nie en die aand van 19 Oktober saam met sy vriend ds Herman van Broekhuizen na Scheerpoort, ongeveer 30 kilometer wes van Pretoria in die Groot Moot, vertrek. Die nuus dat Beyers in die Scheerpoort-omgewing was, het soos 'n veldbrand versprei en spoedig het 'n groot getal burgers by hom aangesluit — sommige was gewapen. Beyers self wou egter steeds bloot vredevol protesteer en sy vertrek uit Pretoria was trouens ook 'n daad van protes teen die regeringsbeleid.<sup>38</sup>

Op 16 Oktober het Alberts die honderd opgekommandeerde burgers gereed gehad. Kort daarna het hy van generaal Botha 'n telegram ontvang met die opdrag om sy manskappe onder die bevel van kommandant Piet de la Rey te plaas. Voorts moes hy De la Rey met die verdere reëlings vir die Duitswes-ekspedisie behulpsaam wees. Dit het Alberts gedoen en terwyl hy nog daarmee besig was is hy op 21 Oktober deur Botha ontbied om dadelik na Pretoria te kom.<sup>39</sup>

34. UG 42-'16, Alberts, p. 169.

35. UG 46-'16, pp. 31-32.

36. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.

37. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring; TAB, Tpd 15/4, No. 59: Rex v. Alberts, Exhibit I, telegram, Botha aan Alberts, 11 Oktober 1914, p. 496.

38. UG 46-'16, p. 33; TAB, A356 H.D. van Broekhuizen-versameling, Band 10: 'Ons Protesteer', 'n gekorregeerde manuskrip deur H.D. van Broekhuizen, 1914-1915, pp. 49-51; H.S. Webb, *Oorzaken van de Rebellion*, p. 71; S.B. Spies, *The Rebellion*, pp. 103-104.

39. UG 42-'16, Alberts, 169; TAB, Tpd 15/4: Rex v. Alberts, Exhibit J, telegram, Botha aan Alberts (datum onvermeld).

Vroeër dieselfde dag het Alberts ook 'n boodskap van Beyers ontvang waarin hy versoek is om 'n vergadering die volgende dag op Koppies (tussen Kroonstad en Vereeniging) by te woon.<sup>40</sup> Op 13 Oktober is naamlik 'n vergadering agter geslote deure op Koppies gehou, waartydens sekere onrealistiese eise (onder meer dat die Duitswes-ekspedisie gestaak word) deur die protesterende burgers aan die regering gestel is. Feitlik al die belangrikste leiers van die protesbeweging, met uitsondering van Beyers (weens veiligheidsredes) en Maritz, het dit bygewoon. Die vergadering van die 22ste sou nou die antwoord van die regering bespreek. Daar word ook beweer dat Beyers Van Broekhuizen dieoggend van 21ste na Alberts gestuur het met die versoek dat hy hom op Scheerpoort ontmoet. Moontlik wou Beyers deur middel van Alberts 'n boodskap aan die Koppies-vergadering stuur. Wat wel seker is, is dat Beyers onder die waan verkeer het dat Alberts nou 'n bondgenoot was. Maar, hoewel laasgenoemde die saak van die protesterende burgers goedgesind was, het hy op daardie tydstip nog nie sy lot by hulle ingewerp nie. Toe Van Broekhuizen die middag op Krugersdorp aankom, moes hy daar verneem dat Alberts haastig weg is Pretoria toe.<sup>41</sup>

Alberts kon natuurlik nie anders nie as om dadelik aan Botha se oproep gehoor te gee en op 22 Oktober het hy die Eerste Minister in Pretoria ontmoet. Botha wou weet of Alberts dan nie bewus was van die "opstand" wat Beyers besig was om in die Scheerpoort-omgewing te organiseer nie — Botha het verkeerdelik gemeen dat Scheerpoort binne Alberts se jurisdiksies val, terwyl dit eintlik deel van die Pretoria-distrik was. Toe Alberts ontkennend antwoord, het Botha hom beveel om onmiddellik die opstand te besweer. Alberts het aanvanklik botweg geweiер omdat hy nie bereid was om teen sy mede-Afrikaner op te tree nie, maar toe Botha hom waarsku dat as hy nie gaan nie daar binne 'n paar dae 'n bloedbad sou volg, het hy ingewillig om as bemiddelaar op te tree. Botha het ook op versoek van Alberts 'n brief gegee om hom met die onderhandeling "behulpzaam te zyn". 'n Regeringsmotor is tot sy beskikking gestel en dieselfde oggend is hy terug na Krugersdorp. Vandaar het hy die polisie op Hekpoort per telefoon versoek om die "voornaamste mensen in de buurt van mijn woning byeen te roepen om uit te vinden wat er aan de gang was". Later is hy na sy kantoor in die polisiestasie waar hy teen sononder aangekom het. Daar het hy van die polisie verneem dat Beyers van plan was om die aand op Damhoek 'n vergadering toe te spreek. (Beyers-hulle was bewus dat hulle op Scheerpoort voortdurend deur die polisie en regeringspioene dopgehou word en gevolglik is besluit dat dit veiliger sou wees om uit die omgewing pad te gee). Damhoek, in die Magaliesberge, is ongeveer 20 kilometer suid van Scheerpoort geleë. Van die Hekpoort-polisiestasie het Alberts eers 'n draai by sy plaas gemaak waarna hy met 'n aantal van die "voornaamste mensen" na Damhoek, ongeveer tien minute te perd van sy woonhuis, vertrek het.<sup>42</sup>

Teen 21:00 die aand het Alberts-hulle op Damhoek aangekom waar hulle ongeveer vyftig burgers aangetref het. Alberts het 'n paar woorde met die manne gewissel en hulle het hom meegedeel dat hulle heeltemal vrywillig daar saamgetrek het. Kort daarna het Beyers en dertig man hul verskyning gemaak. Alberts het die burgers toe kortlik toegespraak en verseker dat hulle veilig was en daar kon oornag sonder vrees vir vervolging. Hy sou die volgende oggend 10:00 terugkeer om te verneem wat hul eise behels. Dit is nie bekend

40. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.

41. J.C.G. Kemp, *Die pad van die veroweraar*, pp. 256-261; TAB, A365 Van Broekhuizen-versameling, Band 10, p. 54.

42. UG 42-'16: Alberts, 160-70 en L. Botha, 380; E.C. Papenfus, "H.D. van Broekhuizen se rol in die Rebellei van 1914-1915" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1993), p. 108; SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, getikte verklaring en geskrewe verklaring.

waarom Alberts nie reeds dié aand Botha se bevele aan hulle meegedeel het nie, maar moontlik wou hy eers weer met Botha skakel. Vroeg die volgendeoggend, 23 Oktober, het hy dan ook Pretoria telefonies gekontak en die situasie verduidelik, waarna hy weer na Damhoek vertrek het.<sup>43</sup>

Alberts het Botha se bevele aan die burgers oorgedra — hulle moes na hul huise terugkeer en die regering se opdragte gehoorsaam. Die burgers, nou meer as 150 in getal, het geweier. Hulle het verduidelik dat hulle teen die Duitswes-ekspedisie en die opkommandering van burgers protesteer en dat hulle Beyers wat in gevaar verkeer, wou beskerm. Die burgers se eise was dat die Duitswes-ekspedisie gestaak word, en as dit nie kan nie, dat Botha en die regering bedank. Voorts wou hulle weet watter waarborg Alberts kon gee dat hulle nie gestraf of opgekommandeer sou word nie. Alberts kon geen waarborg gee nie, maar het hom bereid verklaar om weer na die regering te gaan om die burgers se eise oor te dra en dan terug te keer met die regering se antwoord. Beyers het Alberts versoek om vir Botha te sê dat hy (Beyers) bereid was om die Eerste Minister te ontmoet — op enige plek behalwe Pretoria. Die burgers het ten slotte vir oud-kommmandant F.J. Potgieter gekies om saam met Alberts na Pretoria te gaan.<sup>44</sup>

Dieselvde middag om 14:30 het Alberts en Potgieter vir Botha in die Uniegebou ontmoet. Botha was in 'n moeilike bui. Hy was (vanweë wedersydse wantroue) nie meer bereid om Beyers te ontmoet nie. Hy het ook beslis geweier om te bedank. Hy het bygevoeg dat hy die opstand met al die mag tot sy beskikkingshou onderdruk en vir die doel sou burgers dwarsdeur die land opgekommandeer word. Die dreigement het Alberts hewig ontstel: "Toe breek my hart in my. Ek spring op en klop op my hande en sê, Gen. ik bid jou moet nie jou volk gaan skiet nie, bedank liewerster." Toe Alberts en Potgieter daarna die kantoor verlaat, het Alberts verklaar: "Ons het met 'n Engelsman van kop tot toon gepraat. Ik is klaar met hom vir altyd".

Hieraan is die twee na generaal Smuts. Hoewel ook hy geen toegewings wou maak nie, was hy tog meer simpatiekgesind. Hy het met moeite Alberts oorreed om weer na Damhoek te gaan en die burgers te verseker dat hulle nie gestraf of gekommandeer sou word as hul na hul tuistes terugkeer nie. Alberts moes sy lewe as "waarborg" gee.<sup>45</sup>

Dieoggend van 24 Oktober was Alberts en Potgieter weer op Damhoek. Sommige burgers het toe reeds noordwaarts oor die Magaliesberg na die aangrensende plaas, Elandskraal getrek. Alberts het die boodskap van die regering aan die mense op Damhoek oorgedra, maar Beyers wou hom nie toelaat om die laer (kamp) op Elandskraal te besoek nie. Beyers was egter bereid dat diegene wat Alberts wou aanhoor na Damhoek kon kom. Alberts se vredesending was ten slotte 'n mislukking. Hoewel 'n aantal burgers besluit het om huis toe te gaan, het die meeste later van plan verander en in die veld gebly.<sup>46</sup>

- 
43. UG 42-'16: Alberts, p. 170 en S.P.F. Potgieter, p. 119; SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, getikte verklaring, J.J. Pienaar, geskrewe verklaring, ongeveer 1920 en J.J. Wolmarans, geskrewe verklaring, 7 September 1919 (albei laasgenoemde ongeordend en ongenommer).
44. UG 42-'16: Alberts, p. 170; SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, getikte verklaring; E.C. Papenfus, "H.D. van Broekhuizen se rol in die Rebelleie van 1914-1915", p. 109; H. Oost, *Wie is die skuldiges?*, p. 228.
45. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring (bevat aanhalings); UG 42-'16: Alberts, p. 171 en Botha, p. 381. Botha beweer verkeerdelik dat hy Alberts oorreed het om na Damhoek terug te keer.
46. UG 42-'16: Alberts, p. 171; SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, getikte verklaring en J.J. Pienaar, geskrewe verklaring.

'n Teleurgestelde Alberts is toe na sy plaas waar hy vroegmiddag aangekom het. Hy het 'n rapport oor sy sending opgestel en met 'n speurder aan Smuts gestuur. Daarna is hy na sy kantoor in die polisiestasie op Hekpoort om enkele "hofsake te hoor en keer toe weer terug naar my huis om daar te gaan deurbring die zwaarste nag van lewe".<sup>47</sup>

Die voorafgaande drie dae moes vir Alberts 'n veeleisende en traumatisiese ervaring gewees het. Hy het sy bes gedoen om die dreigende rebellie af te weer en nou moes hy besef dat al sy pogings tevergeefs was. Binne die volgende paar uur sou hy 'n beslissende stap moes neem. Tot Saterdagmiddag 24 Oktober was Alberts lojaal aan die regering — hoewel hy hom nie in alle opsigte met die beleid kon vereenselwig nie. Terwyl hy by die polisiestasie was, het hy met die bevelvoerder, sersant Haviland, gesels. Haviland beskryf Alberts se gemoedstoestand soos volg: "I saw him ... at my police station about 3 pm Saturday 24th ... He looked as if he was very worried and had been weeping. He tried a few cases and then we talked about the rebellion. He said I am going up tonight [na Damhoek] to try and turn my men back. I think I can get about 50."<sup>48</sup> Maar Alberts is nie die aand terug na Damhoek nie; hy is na sy plaas waar hy 'n onrustige nag deurgebring het: "Die nag om 4 uur het ik tot die besluit gekom dat dit beter was, te sterwe saam met my volk vir reg, dan te lewe, saam met die Engelse, vir onreg".<sup>49</sup>

Dieoggend van die 25ste het Alberts die ontstellende nuus verneem dat kommandant Piet de la Rey die vorige nag links enregs burgers opgekommandeer het — dit terwyl hy (Alberts) sy lewe as waARBORG gegee het dat dit nie sou gebeur nie.<sup>50</sup> Dit skyn dus asof Smuts net wou tyd wen toe hy sy onderneming aan Alberts gegee het, want Smuts moes geweet het dat Botha sou voortgaan om te kommandeer.<sup>51</sup> Hoe dit ookal sy, nadat Alberts die nuus verneem het, het hy aan Haviland 'n boodskap gestuur om De la Rey telefonies mee te deel dat hy (Alberts) nie bereid was om teen die rebelle op te tree nie. Teen 09:00 het hy sy perd opgesaal, na Damhoek vertrek en by die protesterende burgers aangesluit.<sup>52</sup>

Alberts is met ope arms ontvang en hoewel hy as gewone burger wou aansluit, het Beyers daarop aangedring dat hy sy rang as kommandant behou.<sup>53</sup>

Intussen het Beyers besluit om op 27 Oktober 'n vergadering op die proefplaas buite Rustenburg te belê waartydens hy sou verduidelik waarom die burgers teen die regering se invalsbesluit protesteer. Die plaas Commissiedrift, 12 kilometer suid van Rustenburg, was die aangewese plek om vir die vergadering bymekaar te kom. Aangesien daar heelwat Krugerdorpers onder die burgers was, het Beyers Alberts gevra om hom na Commissiedrift te vergesel. Die aand van 25 Oktober het Beyers en Alberts met ongeveer vyftig man daarheen vertrek. Die res van die burgers op Damhoek is onder bevel van generaal Jac Pienaar geplaas.<sup>54</sup> Teen die aand van 26 Oktober was daar ongeveer 250 man op

- 
47. SAB, A69, H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.
  48. TAB, Tpd 15/4, No 59: Rex v. Alberts, getuenis A.H. Haviland, p. 460 en getuenis H.J. du Toit, p. 472.
  49. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.
  50. UG 42-'16: Alberts, p. 171.
  51. UG 42-'16: Botha, pp. 381-382.
  52. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring; TAB, Tpd 15/4, No 59: Rex v. Alberts, Alberts aan Haviland, 25 Oktober 1914, p. 488.
  53. SAB, A69, H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring en J.J. Pienaar, geskrewe verklaring.
  54. H. Oost, *Wie is die skuldiges?*, p. 228; E.C. Papenfus, "H.D. van Broekhuizen se rol in die Rebellie van 1914-1915", p. 116; UG 42-'16: Alberts, p. 171.

## Commissiedrift saamgetrek.

Intussen het sake 'n ernstige wending geneem. In Pretoria het allerlei gerugte van gewapende opstand die ronde gedoen.<sup>55</sup> Botha het nou besluit om op te tree en met 'n sterk mag op 26 Oktober op Rustenburg aangekom "met die doel Beyers te vangen".<sup>56</sup> Na 'n kort skermutseling op Commissiedrift, moes die rebelle op die vlug slaan. Aangesien Beyers en Kemp vroeër afgespreek het om mekaar op Steenbokfontein, naby die huidige Koster, te ontmoet ten einde verdere protesmaatreëls te bespreek, het die rebelle daarheen gevlug. Dwarsdeur die nag van 27-28 Oktober het groepies vlugtende burgers op Steenbokfontein aangekom. Alberts het die oggend van die 28ste daar opgedaag en kort daarna het Kemp en sy kommando ook hul verskyning gemaak. In alleryl is verdere reëlings getref. Daar is besluit dat Beyers saam met Kemp na Lichtenburg sou gaan in 'n poging om met generaal De Wet en president Steyn in verbinding te tree — Beyers het gehoop dat Steyn as bemiddelaar tussen die rebelle en die regering kon optree, terwyl De Wet saam met Beyers op die Koppies-vergadering van 22 Oktober as hoofleiers van die protesterende burgers aangewys is. Beyers sou natuurlik nie sonder De Wet se medewete besluite wou neem nie. Alberts is genooi om Kemp-hulle te vergesel, maar hy wou eerder na die Damhoek-omgewing terugkeer. Volgens Kemp het Alberts toe opdrag gekry om anti-regeringsgesindes in die Bosveld en die Rustenburg-distrik te organiseer. Hiermee moes die invloedryke kommandant J.A. (Rooi Jan) du Plessis hom behulpzaam wees. Voorts moes Alberts ook probeer om met Jac Pienaar kontak te maak.<sup>57</sup> Alberts was gewillig om sy samewerking te gee maar het dit baie duidelik gestel dat hy nie bereid was om offensief op te tree nie.<sup>58</sup>

Alberts en D.R. Fouché, kommandant van die Rustenburg-kommando, het teen sononder op 28 Oktober met vyftig man van Steenbokfontein vertrek. Hoewel Fouché ook die rang van kommandant beklee het, was Alberts die senior offisier. Hulle het in die rigting van Pilanesberg getrek, nagenoeg 50 kilometer noord, waar hulle die 29ste oorgebly het. Op 30 Oktober het Alberts oor Palmietfontein na Seinkop getrek waar hy Pienaar en Rooi Jan du Plessis ontmoet het. Op 6 November was die rebellemag van ongeveer 500 man by Warmbad. Hoewel die rebelle probeer het om die regeringsmagte te onwyk, was dit nie altyd moontlik nie en op 6 November het 'n skermutseling naby Warmbad plaasgevind. Toe die rebelle in wanorde op die vlug slaan, is Alberts en Fouché deur die regeringsmagte onder kolonel Dirk van Deventer van Pienaar en Du Plessis afgesny.<sup>59</sup> Na afloop van hierdie botsing het Alberts die volgende besluit geneem: "ek ga niets meer doen — ik ga naar het bosveld."<sup>60</sup> En dit is presies wat gebeur het. Eers op 26 of 27 November het Alberts besluit om na Rustenburg terug te keer omdat sommige van die burgers se klere teen daardie tyd flenters was en hulle graag huis toe wou gaan om ander te kry. Op 30 November is Alberts deur die offisiere tot generaal verkies in die plek van Pienaar van wie geen tyding ontvang is nie. Op 4 Desember het die kommando van ongeveer 160 man Commissiedrift bereik. Die volgende dag het die kommando in 'n kloof tussen Commissiedrift en

55. TAB, A787 G.S. Preller-versameling, Band 264: Aantekeningboek, 22 Oktober 1914, p. 114.

56. UG 42-'16: Botha, p. 382.

57. J.C.G. Kemp, *Die pad van die veroweraar*, pp. 276-278; De Volkstem, 6 Augustus 1915; UG 42-'16: Alberts, p. 172.

58. UG 42-'16: Alberts, p. 172.

59. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring en J.J. Pienaar, geskrewe verklaring. Alberts se weergawe aan die Regterlike Kommissie van sy bewegings is vaag en onsamehangend.

60. UG 42-'16: Alberts, p. 172.

Buffelshoek geskuil terwyl vars voorrade en klere bekom is. Dieselfde aand het hulle na Boekenhoutfontein beweeg waar hulle die 6de aangekom het.<sup>61</sup>

Intussen is die regering, danksy 'n goeie spioenasiendienst, voortdurend op die hoogte gehou van die bewegings van die rebelle. Die omgewing het dan ook volgens Alberts gekriool van regeringsstroope onder kolonel Hendrik Mentz (LV).<sup>62</sup> Toe die rebelle die oggend van 7 Desember wakker word, moes hulle tot hul ontsteltenis vind dat hulle deur 'n groot regeringsmag omsingel was. Na 'n geveg wat etlike ure geduur het, het die meeste rebelle daarin geslaag om te ontsnap — onder meer Alberts en Fouché, maar 47 is nietemin aangekeer.<sup>63</sup>

Die voorafgaande weke het Alberts dikwels van sy swak gesondheid melding gemaak — waarskynlik deels die resultaat van uitputting, spanning en besoedelde drinkwater. Maar hoe dit ook al mag wees, sy moreel het nou 'n laagtepunt bereik. Sy hart was nooit in die broedertwis nie. Die oorblywende lede van die kommando het gevlug, met die regeringsmag kort op hul hakke. Die kommando het nou in kleiner groepies verdeel en Alberts met ongeveer dertig man het weer in die Bosveld skuiling gesoek. Op 13 Desember het een Gert Kruger 'n brief van kolonel Mentz aan Alberts by Seinkop in die distrik Pretoria besorg. In die brief waarborg Mentz namens generaals Smuts Alberts se lewe as hy en sy burgers dadelik oorgee. Die rebelle word vyf dae gegun om huis toe te gaan en hul sake te reël - dan moes Alberts hom aan die regering oorgee om gestraf te word. Fouché het 'n brief met dieselfde inhoud ontvang.<sup>64</sup>

In sy getuienis van die Regterlike Kommissie beweer Alberts dat hy van voorneme was om homself oor te gee toe hy onderweg na sy huis gevang is.<sup>65</sup> Dit wil egter voorkom asof hy en Fouché eerder gevang wou word en hulself sodoende die vernedering spaar wat vrywillige oorgawe sou meebring. Gevolglik het die twee op 15 Desember besluit om na hul please terug te keer — Fouché is na Commissiedrift terwyl Alberts oor die Magaliesberge getrek en in die omgewing van sy plaas skuiling gesoek het. Op 19 Desember het een van sy swart arbeiders die nuus gebring dat 'n regeringsmag in aantog was. Alberts was weer siek en het die paar burgers by hom beveel om te vlug terwyl hy self in 'n klofie skuiling gesoek het. Daar is hy op 20 Desember deur 'n patrollie onder kaptein Schoeman van Lydenburg gevang. Henry Briscoe verklaar dat hy Alberts "near Hekpoort" gearresteer het, terwyl die plek elders as Buffelsfontein in die distrik Rustenburg aangedui word.<sup>66</sup>

Alberts is na sy huis gebring waar hy onder streng bewaking die nag van die 20ste deurgebring het. Die volgende dag is hy na Krugersdorp geneem en die middag onder polisie geleide na die Fort-gevangenis in Johannesburg.<sup>67</sup> Daar is al die leiers van die Rebelleie

- 
61. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.
  62. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring; UG 42-'16: Alberts, p. 172; *De Volkstem*, 18 Desember 1914 en 12 Januarie 1915.
  63. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: J.J. Wolmarans, geskrewe verklaring; UG 42-'16: Alberts, p. 173; *De Volkstem*, 11 Desember 1914 en 18 Desember 1914. Alberts beweer foutiewelik in sy getuienis dat 88 gevang is en 'n paar gesneuwel het. Hy het vergeet dat 'n onbekende getal burgers nie in die kamp was toe die aanval plaasgevind het nie - en dus nie gevang is nie.
  64. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring, UG 42-'16: Alberts, p. 173. Hier gee Alberts die dag waarop hy die brief ontvang het aan as 15 Desember - duidelik 'n vergissing.
  65. UG 42-'16: Alberts, p. 173.
  66. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts geskrewe verklaring; UG 42-'16: Alberts p. 173; TAB, Tpd 15/4, No. 59: Rex v. Alberts, getuienis H. Brice, p. 470 en Exhibit E, p. 492.
  67. SAB, A69 H. Oost-versameling, Band 26: Alberts, geskrewe verklaring.

aangehou totdat hulle voor die hof gedaag kon word.

Al die Rebelleleiers sou eers voor 'n magistraat aan 'n voorlopige ondersoek onderwerp word. Daarna sou 'n spesiale hof, bestaande uit drie regters van die Hooggereghof, die sake van die Transvalse Rebelle in Pretoria verhoor.<sup>68</sup> Alberts se voorlopige ondersoek voor magistraat N. van den Berg is in Johannesburg gehou. Die ondersoek het op 25 Januarie 1915 begin en talle getuies vir sowel die staat as die verdediging is opgeroep. Op 26 Februarie is hy ter strafsetting verwys en formeel weens hoogverraad aangekla.<sup>69</sup>

Alberts is daarna terug Fort toe waar hy meer as ses maande lank sou wag voordat hy voor die Spesiale Hof kon verskyn. Eers op 6 September het sy saak voor die drie regters aan die beurt gekom. Advokate Bertie van Hees en Tielman Roos het namens Alberts opgetree. Die aanklag teen hom was hoogverraad en die klagstaat het uit twee dele bestaan: (1) dat hy tussen 23 Oktober en 20 Desember 1914 die rang van kommandant in die Rebellemagte beklee het en dat hy as sodanig in die provinsie Transvala "bezig was oorlog en rebellie te maken tegen Zijn Majesteit en Zijn genoemde Regering"; (2) dat hy saam met ander persone op of omstreeks 23 Oktober by Damhoek vergader het met die doel om oorlog te voer teen die regering en dat hy inderdaad daarna die vyande van die regering aangehang en gesteun het, en te Commissiedrift, Warmbad en Boekenhoutfontein werlik aktief deelgeneem het aan "vijandelikheden" teen die regering. Alberts het op die eerste klag onskuldig gepleit, maar op die tweede klag skuldig.<sup>70</sup> Die twee aanklakte teen Alberts stem grootliks ooreen en dit is onverklaarbaar waarom sy regspan besluit het om net op die tweede klag skuldig te pleit. As hy op die eerste onskuldig was is dit moeilik te begryp hoe hy op die tweede skuldig kon gewees het. Natuurlik kon hy nie op albei aanklakte onskuldig gepleit het nie, want hy het gerebelleer en hy was betrokke by botsings met die regeringsmagte — al het hy persoonlik nooit op die vyand gevuur nie.<sup>71</sup> Deur skuldig te pleit is die regspan beslis verhaas en was die saak voor die Spesiale Hof bloot 'n formaliteit. Die staat het dan ook Alberts se pleidooi aanvaar en hy is op 20 September skuldig bevind op die tweede klag en gevonnis tot 'n boete van 750 dollar, sonder tronkstraf.<sup>72</sup>

Alberts se vonnis was beslis lig — veral as dit met die van dié ander rebelleleiers vergelyk word. Maar sy onsuksesvolle vredespogings het egter nie by die regering ongemerk verbygegaan nie, en dit kon as versagtende omstandighede gedien het.<sup>73</sup> Minder bekend is die feit dat Alberts se boete in Desember 1915 na 250 dollar verminder is. Hy het dit nooit self bekend gemaak nie en in die amptelike lys van vonnisse wat op 20 Maart 1916 deur die Senaat ter tafel geneem is, word sy boete nog steeds op 750 dollar aangegee.<sup>74</sup> Moontlik het generaal Botha sy invloed gebruik om Alberts se boete verminder te kry, want dit is eienaardig dat Botha, vir wie Alberts vir die Rebellion verantwoordelik gehou het, blykbaar geen kwade gevoelens jeans Alberts gekoester het nie. Botha verwys in 1916 na hom as "een

68. *De Volkstem*, 15 Desember 1914.

69. TAB, Tpd 15/4, No. 59: Rex v. Alberts, ter strafsetting verwys, p. 457; *De Volkstem*, 5 Februarie 1915, 19 Februarie 1915, 26 Februarie 1915 en 2 Maart 1915.

70. TAB, Tpd 15/4, No. 59: Rex v. Alberts, pp. 450-451.

71. TAB, Tpd 15/4, No. 59: Rex v. Alberts, getuenis van H.J. du Plessis, pp. 465-466.

72. TAB, Tpd 15/4, No. 59: Rex v. Alberts, vonnis, p. 448; *De Volkstem*, 24 September 1915. Die uitspraak verskyn nie in die hofstukke nie.

73. Vergelyk generaal Botha se gesindheid jeans Alberts in UG 42-'16: Botha, pp. 380-381.

74. TAB, Tpd 15/4, No. 59: Rex v. Alberts, kennis van verminderde boete, 20 Desember 1915, p. 448; S2-'16 De Senaat, pp. 2-6.

oude vriend van mij en een seer goede kêrel .... een eerste klas vechtsman". Botha het ook probeer om Alberts se optrede tydens die Rebellie te regverdig. Hy beweer dat Alberts hom later vertel het dat hy (Alberts) slegs gerebelleer het omdat "zijn mensen hom beschuldigd hadden een lafaard te zijn" as hy nie met hulle saamgaan nie.<sup>75</sup> Die getuenis van rebelle soos Pienaar, Van Broekhuizen, J.J. Wolmarans en S.P.F. Potgieter loënstraf egter Botha se stelling. Hulle was almal op Damhoek op 24-25 Oktober en maak geen melding van enige druk op Alberts nie. Dit skyn dus asof Botha die indruk wou skep dat Alberts eintlik lojaal aan hom gebly het. Dog, dit is moontlik dat Botha dit heeltemal oreg geglo het en dat Alberts hom doelbewus probeer mislei het ten einde die rede vir sy deelname aan die Rebellie te regverdig.

Sarel Alberts sal onthou word vir sy opregte pogings om die Rebellie van 1914-1915 te keer. Dat hy hierin onsuksesvol was, moet toegeskryf word aan omstandighede buite sy beheer. As leiers soos Botha, Smuts, Steyn en Hertzog nie daarin kon slaag nie, watter kans het hy gehad? Hy het eers na 'n hewige innerlike stryd gerebelleer omdat (a) die Duitswese-ekspedisie onderneem is en (b) omdat burgers daarvoor gekommandeer moes word. Dit is hoogs twyfelagtig of hy ooit teen die regering sou gedraai het net omdat die Unie saam met Brittanje in 'n oorlog teen Duitsland betrokke geraak het. Alberts was dan ook lojaal aan die regering tot feitlik op die laaste oomblik. Op 24 Oktober, 'n dag voordat hy by die rebelle aangesluit het, het hy nog 'n jong burger wat sy leiding gevra het geadviseer om by die regering te staan, "dat is waar elke man hoort".<sup>76</sup>

Alberts is 'n tipiese voorbeeld van 'n verwarde en selfs misleide Afrikaner ten tye van die Rebellie. Hy verteenwoordig 'n groep Afrikaners wat die Rebellie as uiters pynlikervaar het — mense verskeur deur verdeelde lojaliteit. Anders as leiers soos Kemp, Maritz en Pienaar wat presies geweet het wat hulle wou bereik, was Alberts, soos Beyers en Piet Grobler, huiverig, halfhartig en besluiteeloos.<sup>77</sup> Hierdie skynbaar teenstrydige optrede van mense wat dapper en doelgerig in die Tweede Anglo-Boereoorlog geveg het, kan deels toegeskryf word aan hul blinde vertroue in Botha en Smuts. Die twee Generals wou ten alle koste by die oorlog teen Duitsland betrokke raak (met al die moontlike konsekwensies), maar terselfdertyd wou hulle nie die steun van hul Afrikanervolgelinge, veral in Transvaal, verloor nie. Derhalwe was hulle nie altyd openhartig nie en gevoglik is huisende van hul volgelinge mislei.<sup>78</sup> Alberts se sielewroeging was grotendeels die resultaat van Botha en Smuts se politieke aspirasies en hy kan beskou word as 'n verteenwoordiger van die innerlik verskeurde en uiteindelik ontgogelde groep Afrikaners wat die Rebellie van 1914 gebaar het.

Na sy vrylating het Alberts weer gaan boer. Hy het egter in die politiek betrokke gebly, maar nou as oortuigde ondersteuner van die NP. In 1921 het hy die Witwaterberg-kiesafdeling vir die NP verower. Hy verloor die setel in die 1924-algemene verkiesing met sewentig stemme, maar na vyf jaar in die "politieke wildernis" word hy weer lid van die Volksraad toe hy Magaliesberg (die voormalige Witwatersberg) vir die NP terugwen. Hy het die kiesafdeling tot 1938 verteenwoordig toe hy as Transvaalse senator (en Hertzog-

75. UG 42-'16: Botha, pp. 380-381.

76. TAB, Tpd 15/4: Rex v. Alberts, getuenis H.J. du Toit, p. 474 en Haviland, pp. 459-460.

77. J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeloper?*, pp. 185-188.

78. J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeloper?*, pp. 186-187.

ondersteuner) gekies word. Hy bly Senator tot 1948 toe hy uit die aktiewe politiek tree. Sy laaste jare het hy op sy plaas Hartebeestfontein deurgebring waar hy op 10 Junie 1954 oorlede is.<sup>79</sup>

---

79. B.M. Schoeman, *Parlementere verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976* (Pretoria, 1977), pp. 123, 125, 165, 193; Volksraad, Parlementere Register 1910-1961 (Kaapstad, 1970), p. 47; J.C.H. Grobler, *Politieke leier of meeloper?* p. 329, *Die Vaderland*, 11 Junie 1954.